

15 Januarie

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-26**  
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:23-26**

**Gedenk, verkondig, verwag!**

Uit 1 Korintiërs 11:17-26 word dit duidelik dat die lidmate van die vroeë gemeentes eers saamgekom het vir 'n gemeenskapsmaaltyd voor die nagmaal gevier is. Die hartseer is egter dat hierdie gemeenskapsmaal in Korinte in 'n etery en drinkery ontaard het wat geheel en al die stemmige voorbereiding vir die nagmaal vernietig het. Daarom herinner Paulus dan die gemeente aan die ware betekenis van die nagmaal.

Die tragiese is egter dat die nagmaal deur die eeue 'n twispunt geword het wat kerke uit mekaar dryf. Dit terwyl die nagmaal die feesmaal van ons Here Jesus Christus is! Tog gee 1 Korintiërs 11:17-26 duidelike positiewe opdragte oor die nagmaal:

- *Gedenk!* In 1 Korintiërs 11:23-25 word ons beveel om die nagmaal te gedenk. Met die nagmaal gedenk ons deur middel van sigbare tekens dat ons aan die enige offerande van Christus aan die kruis deel het. Deur sy bloed aan die kruis het Hy vir ons 'n nuwe verbond verseël waardeur ons totaal verlos is van die sonde. Daarom is nagmaal danksegging! Dit is interessant om te let dat die broodwoord by die nagmaal vir ons dui *waarvan* ons verlos is – die bekerwoord wys vir ons *waartoe* ons verlos is. Daarom, gedenk die nagmaal! Maar meer as dit, verkondig!
- *Verkondig!* Met die nagmaal is ons nie besig met die oorlede Christus nie – ons het gemeenskap met die lewende Christus (*sursum corda*). Ons belydenis met die nagmaal is dat Christus lewe! Daarom het die nagmaal ook 'n missionêre kant – ons verkondig daarmee aan die wêreld dat Jesus Christus, wat vir ons sondes gesterf het, weer lewe! Maar meer as dit, ons verwag Hom ook op die wolke!
- *Verwag!* Met die nagmaal gedenk ons nie net die dood van Christus nie, maar ons sien ook met verlange uit na die bruilofsmaal van die Lam. Daarom laat die nagmaal ons met oorgawe uitroep: *Marana ta* (1 Kor 16:22)! Kom Here, kom gou ...

Die verlede, hede en toekoms word mooi saamgevat in die nagmaal. Wanneer u weer aan die nagmaalstafel aansit, onthou: gedenk, verkondig, verwag!

*Sing: Psalm 23:3*

*Teologiese Student AJ Coetsee*

